

NADRAAI VAN UITERMATIG NAT SEISOENE ONDERSOEK



Dr Maryke Craven,
LNR-Graangewasse,
Potchefstroom

Die ongekende verhoging in reënvalfrekwensie en -intensiteit het produsente die afgelope seisoen in baie opsigte gekniehalter. Sommige produsente het gesukkel met versuip-toestande, terwyl ander moes toekyk hoe hul lande in riviere verander.

Een aspek wat tereg in die meeste gevalle agterweë gebly het, is onkruidbeheer. Wat produsente deeglik moet besef, is dat vloed- en/of versuip-toestande nie net 'n invloed op onkruid in die 2021/2022-seisoen het nie, maar ook op die komende seisoen se onkruidinfestasië. In hierdie artikel word daar gekyk na internasionale bevindings en aanbevelings rakende maandelike gevolge van so 'n uitermatig nat seisoen en watter stappe gedoen kan word om die onkruidverwante nadraai in die komende seisoen teë te werk.

Impak op onkruidbeheer

Die verhoging in reënvalfrekwensie kon 'n nadelige effek op die opname, behoud en aktiwiteit van die grondtoegediende vooropkomsonkruid-doders tot gevolg hê. Verhoogde logging van hierdie tipe doders in veral sanderige grond met min organiese materiaal kon nie net bydra tot onvoldoende onkruidbeheer nie, maar kon ook lei tot meer grondwaterkontaminasie. Hoër onkruiddruk behoort dus reeds vroeër gedurende hierdie seisoen voorgekom het as in meer gematigde reënvalseisoene van die verlede.



Ouer en meer gevestigde plante sou versuip-toestande beter kon verdra en ook beter met onkruid kompeteer.
Foto: D du Toit, LNR-Graangewasse



Onkruid het die merkwaardige vermoë om vinnig en maklik in versuipkolle te vestig.



Sonnige, nat toestande later in die seisoen sal bydra tot die ontkieming van onkruid soos purperwinde. Sade van hierdie onkruid is giftig en moet uit graan gesif word voor lewering.



Vaalskraalhanse kan gedurende die herfs ontkiem en in rosetvorm oorwinter.



Weens die opeenvolgende reënbuie kon daar verskeie pieke (*flushes*) van ontkiemende onkruid gewees het wat tot digte onkruidstande gelei het. Onkruidplante wat dus in die lande voorkom en/of voorgekom het, sou verskil het in ouderdom en grootte. Daar waar onkruidodders wel toegedien kon word, sou dikwels onvoldoende beheer verkry word – nie net omdat van die plante reeds te groot was om te beheer nie, maar ook omdat die kleiner onkruid deur die groter onkruid van die onkruidodder afgeskerm is. Meer onkruidplante sou dus oorleef wat tot verhoogde saadstorting in die gronssaadbank kon lei.

Die grootste impak van die besonder nat seisoen sou egter op die kompeteringsvermoë van die gewasse self wees. Versuiping of

oorstroming van die saadbed beïnvloed ontkiemende saad en jong saailinge van gewasse meer as ouer, meer volwasse plante (**Foto 1**).

Gewasse wat reeds goed gevestig is, het die vermoë om versuiptoestande beter te verdra en dienooreenkomstig ook beter met onkruid te kompeteer. Die ouderdom van die gewas tydens hewige versuiptoestande sal dus bepaal hoe goed die gewas deur die loop van die seisoen met die onkruid kan kompeteer. Daar waar die gewas te klein was of gevrek het weens versuiping, sou onkruid voordel getrek het uit die gebrekkige kompetisie, goed gevestig het en gevolglik saad gestort het (**Foto 2**).

Vloedtoestande vertraag nie net die groei van die gewas nie, maar veroorsaak ook dat onkruidsaad van omliggende gebiede ingespoel word

Onkruid wat kenmerkend laat gedurende die seisoen nog onder gunstige sonnige, nat toestande sal ontkiem, sluit in purperwinde (*Ipomoea purpurea*, **Foto 3**) en kankerros (*Xanthium strumarium*). Omdat onkruidbeheer laat in die seisoen in sommige gewasse problematies kan wees, sal hierdie onkruid ook saam met die oes ryp word. Sade van hierdie onkruid is skadelik en produsente sal moontlik die saad moet laat sif voor of tydens lewering.

Vloedtoestande vertraag nie net die groei van die gewas nie, maar veroorsaak ook dat onkruidsaad van omliggende gebiede binne die produksiegebied ingespoel word. Dit kan daartoe bydra dat nuwe onkruidspesies wat nie voorheen 'n probleem in die land was nie, nou gevestig word. Produsente behoort hulself te vergewis van watter onkruidspesies na afloop van die 2021/2022-seisoen in die lande voorkom sodat die korrekte bestuursprogram en/of onkruidodder gekies kan word vir die 2022/2023-seisoen.

Daar waar vloed- of versuipskade die produksie só aangetas het dat dit nie die moeite werd is om te oes nie, is dit noodsaaklik dat saadstorting van die onkruid voorkom word deur die afsny of bewerking van sulke lande of deur die toediening van 'n nieselektiewe, nieresiduele onkruidodder. Meer as een keer se aksie asook 'n kombinasie van chemiese en meganiese beheer, sal moontlik noodsaaklik wees. Waar lande oorgelê het weens die onvermoë om in die nat weer te plant, moet produsente seker maak dat onkruid beheer word. ➔



◀ NADRAAI VAN...

◀ Neem kennis

Indien 'n natter en matiger herfs en winter gedurende 2022 in die somerreënvale gebied voorkom, sal die oorlewing van sommige eenjarige winteronkruid moontlik hoër wees. Gewasse wat moontlik langer gaan vat om af te droog, kan die tydigste beheer van hierdie onkruid bemoëlik. Die algemeenste winteronkruid in veral die Noordwes en die Vrystaat is radiatorbossie (*Senecio consanguineus*), vaalskraalhanse (*Coryza* spp., Foto 4 op bladsy 39) en witblombloudissel (*Argemone ochroleuca*). Die toediening van 'n herfsbespuiting met nieselektiewe onkruidodders alleen of in tenkmengsels met 2,4D (volgens etiketinstruksies) waar gewasse reeds geoes is, sal 'n groot bydrae lewer om die onkruid hul eerste terugslag te gee. 'n Lentebespuiting kan ook oorweeg word waar 'n herfsbespuiting nie moontlik is nie, maar die algemene gevoel is dat 'n herfsbespuiting tot beter onkruidbeheer lei.

Die pad vorentoe

Hou by die beginsels van onkruidbeheer:

- » Neem kennis van enige nuwe onkruidspesies wat dalk nou kop uitsteek.
- » Maak van 'n geïntegreerde onkruidbeheerstrategie gebruik. Grondbewerking, kultivarkeuse, wisselbou, ry- en plantdigtheid asook die gebruik van onkruidodders uit verskillende HRAC-groepe moet deel wees van die strategie.
- » Lees onkruidodderetikette deeglik:
 - » Neem altyd kennis van die residuele effekte van onkruidodder wat die volgende gewas kan beskadig.
 - » Maak seker dat spuitapparaat korrek gekalibreer is.
 - » Neem kennis van enige bymiddels wat nodig word.
 - » Maak seker dat die gekose produk geregistreer is om die onkruidspesies wat op die land voorkom, te beheer.
- » Indien moontlik (waar reeds geoes is), oorweeg 'n herfsbespuiting met nieselektiewe, nieresiduele onkruidodders soos glifosaat of parakwat. Waar etikette so aandui, kan 2,4D of saflufenasiel ingespan word in tenkmengsels.
- » Maak gebruik van vooropkomsonkruidodders – neem kennis dat dié doders deur die reën ingewas moet word kort na toediening.
- » Beheer onkruid wanneer hulle nog klein is met na-opkomsonkruidodders – sien etikette vir maksimum vereiste plantgroottes.
- » Waar etikette dit aandui, spuit tenkmengsels om voordeel te trek uit aktiewe bestanddele met verskillende metodes van werking.

Waar loging nie onder versuip-toestande plaasvind nie, word die afbreking van onkruidodders deur mikrobiële aksie weens anaerobiese toestande asook koeler grondtemperatuur vertraag. Die gevolg is dat oordrag van onkruidodderresidue na langdurige koel, nat en versuip-toestande kan verhoog. Sommige kenners is ook van mening dat grond wat deur vloedwaters in laerliggende gebiede gekonsentreer is, dalk ook hoër konsentrasies van onkruidodderresidue in sulke kolle tot gevolg het, wat weer tot groter gewasskade kan lei. Verder moet in gedagte gehou word dat nuwe grond wat ingespoel het, moontlik onkruidodderresidue kan bevat.

Alhoewel kundiges meen dit is onwaarskynlik dat sulke residue die gewas van die nuwe seisoen sal beïnvloed, kan dit dalk tog lonend wees om 'n eenvoudige biotoets te doen waar daar kommer is. So 'n toets behels dat grond wat van verskillende areas in die land gekollekteer is, gebruik word om 'n paar sade van die beplande gewas in potte te kweek. Sou daar na twee of drie weke geen sigbare skade of misvorming wees nie, kan aanvaar word dat die grond "veilig" is. Indien daar egter wel simptome is, kan kundiges genader word om te bepaal of dit wel onkruidodderskade is of eerder moontlike plantvoedingstekorte.

Afhangend van die graad van vloedwater wat in 'n land ervaar is, is sommige kundiges van mening dat dit die moeite werd sal wees om grondmonsters te trek en te toets vir grondtekstuur en pH. Keuse van onkruidodders en dosisse vir die 2022/2023-plantseisoen moet dan op grond van hierdie analyses gedoen word. ●

Produsente is welkom om dr Craven met enige vrae te kontak by 018 299 6100.



JHB TRACTOR SPARES
The dependable part of your plan



1971-2022

**FORD, FIAT, NH and MF
replacement spares**



Tel: (011) 677-2100 or (011) 615-6421

Email: jhbtrac@icon.co.za • www.jhbtractorspares.co.za